



Privaatsak x 4 Laingsburg 6900 Tel. 023 551 1019 Faks. 023 551 1019
info@laingsburg.gov.za

Municipality . Laingsburg . Munisipaliteit

BOODSKAP VAN DIE NUWE UITVOERENDE BURGEMEESTER



*Raadslid Mike Louws
Uitvoerende Burgemeester*

Die Raad het so pas die begroting vir 2018/19 tot 2020/21 Finansiële jare goedgekeur, en is ek genoop om u, die gemeenskap van Laingsburg sodanig in kennis te stel. Die Begroting en die GOP is die twee dokumente wat deur die Wet vereis word om jaarliks hersien te word, sodat dienslewering binne die begroting kan plaas vind. Die Beperkte hulpbronne waarvoor die munisipaliteit beskik word tans geprioritiseer om ons Water Voorsienings daar te stel asook om verouderde infrastruktuur te vervang en te verbeter.

Die huidige ekonomiese klimaat het 'n negatiewe invloed op die groeioprojeksies van die munisipaliteit en meer en meer inwoners word afhanklik van deernis toelae en ondersteuning. In die lig van die faktore word verwag dat die munisipale inkomste en kontantvloei onder druk sal bly.

Alhoewel pogings aangewend is om uitgawes en tariefverhogings tot die minimum te beperk, wil die Raad die huidige vlak van dienslewering behou. Integriteit en aanspreeklikheid is kernwaardes wat ons munisipaliteit sal bestuur, Korruptsie, oneerlikheid, wangedrag of onetiese gedrag van amptenary en openbare ampdraers sal aangespreek word en ek durf sê dat ek korruptsie nie sal duld nie.

Die GOP en Begroting is in lyn gebring vir die tydperk tot 2021, om rigting te gee en strategiese doelwitte te bereik.

- (1) Die skep van 'n munisipaliteit wat deur sy finansiële en menslike kapitaal tesame met ander hulpbronne gefokus bly op die welsyn van sy inwoners en verbruikers;
- (2) Ekonomiese groei en armoede verligting;

Die begroting se sleutel begroting fokus areas is as volg:

- ❖ Kostebesparings om bekostigbare tariewe te verseker;
- ❖ Deernis ondersteuning aan inwoners wat nie dienste kan bekostig nie;
- ❖ Deurlopende infrastruktuur ontwikkeling om die verouderde netwerke op te gradeer;
- ❖ Intensivering van Werkskeppings aktiwiteite deur middel van die implementering van Kapitaal projekte en die uitgebreide openbare werk programme;
- ❖ Goeie regering & skoon administrasie; en
- ❖ Deurlopende pogings op hoë skuldinvordering te verseker.

Ons inkomste bly onder druk en moet uitgebrei word oor die medium termyn om goeie finansiële praktyke te bevorder.

Graag wil ek die inwoners van Laingsburg vra om hul ondersteuning te wys deur die betaling van munisipale dienste en belasting te prioritiseer. Met u hulp kan ons, ons inwoners se lewens omstandhede verbeter.

Ten einde volhoubare dienste te lewer moet die munisipaliteit in staat wees om koste te dek wat verband hou met die voorsiening van dienste. Dit is op hierdie basis dat tariewe hersien was om te verseker dat kontant gegeneer kan word en effektiewe dienslewering te lewer.

Tydens 'n vergadering met die personeel korps het ek dit beklemtoon dat ons die verbruikers en belasting betalers waarde vir hul geld moet gee en hul aangemoedig om meer te doen met minder om die gehalte van dienste te verbeter. Ons streef daarna om beter verhoudings met u as verbruikers te bevorder en ons bes te doen, om iets terug te gee. Daar sal uitdagings wees omdat die behoeftes van ons gemeenskap vermeerder en munisipale hulpbronne beperk is, maar ons sal alles in ons vermoë doen om dienste te verbeter deur innovasie, inkomste verbetering, dienslewering en die opgradering van infrastruktuur.

Die kritieke element van 'n gesonde finansieringsmodel is belangrik en word die tariewe as volg aangepas;

❖ Elektrisiteit	6.84% (Nersa)
❖ Water	7.55%
❖ Vullisverwydering	7.55%
❖ Riool	7.55%
❖ Woonhuise	10%

Ander diverse tariewe word verhoog tussen 5. & 10% Die begrote bedryfsinkomste beloop R81, 821miljoen wat subsidies van R20, 222 miljoen insluit. Die kapitaal subsidie is R10, 367 miljoen wat 'n total inkomste begroting van R92, 188 miljoen voor stel. Die totale bedryfsuitgawes is R101, 454 miljoen. Wat bedryfs en kapitaal uitgawes insluit.

Goeie bestuur is belangrik en ek verbind my tot skoon verantwoordbare en effektiewe administrasie.

Ek dank u!

LADAAG

Ons help persone wat afhanklik is van Alkohol & Dwelms, maar die persone moet regtig gehelp wil word. Dit is ons ondervinding dat wanneer persone geforseer word deur families en ander persone, hulle dit net doen om mense tevrede te stel, daarom vra ons u as persone en naasbestaendes om diesulkes te verwys en baie te bid vir hulle, sodat hulle regtig 'n behoefte om help het. As u voel die tyd is reg, kom maak 'n draai by Shireen Gouws of kontak haar by (023) 5511899 tydens werkure.

Kom ons ondersteun mekaar & Baklei die gruwel en die persoon.

Laingsburg Openbare Biblioteek

Die Biblioteek en Mobiele Biblioteke se tye is.

Maandae & Vrydae: 09:30-17:30

Dinsdag, Woensdag, Donderdag: 09:30-18:00

Naweke & Publieke dae gesluit

Bloklesings met Huis Malan Jacobs vind elke 3 maande plaas.

Rekenaar Fasiliteite vir die gemeenskap: Internet is **GRATIS**

Uitdruk "Print"

- R1.00 per bladsy
- 50c per Bladsy vir skooldoeleindes.

Kinders maak gebruik van die Biblioteek om na skool te lees en navorsing te doen.

Die Streeks Boekwa vanaf Beaufort Wes besoek die biblioteek drie maandeliks vir nuwe voorraad en dan is die biblioteek vir daardie dag gesluit vir die publiek.

Daar word beplan om die biblioteek op te gradeer: 'n Meer moderne gesig. (Mat in te sit, nuwe toonbank, rusbanke en saal oopbreek wat die biblioteek saal vergroot.)

'n Mandela Dag funksie is in beplanning, so sal u binnekort in kennis stel.



Hoërskool Laingsburg "Tackle" Misdad op Jeug Dag

16 Junie 2018

GAMKA FM



Misdad kan bekamp word, hulle het die eerste stap geneem deur die bul by die horings te pak.

Hoërskool Laingsburg se skoliere het die distrik gewys dat hulle die sirkel van misdad gaan breek, onder leiding van Skoolhoof, meneer Colin Pedro. Niks is ontmoontlik as jy die Here vra om jou te help nie. Dit mag lyk asof hulle nie 'n verskil kan maak nie, omdat ons dorp se jeug in die krep van misdad is, maar dit is nog net die begin, hierdie jongmense gaan nog die vrug van hul arbeid geniet.

Kom ons as gemeenskap staan hulle by en help Hoërskool Laingsburg om hulself te help en 'n generasie te bou wat ons Dorp kan vorentoe vat.

Lees verder op Facebook op Laingsburg en sy Mense, volg die link

https://www.facebook.com/cyril.moyene.1?fref=gs&hc_ref=ARTW1HDiAq5n5T37v

Munisipale Visie

"'n Bestemming van keuse waar mense eerste kom"


LAINGSBURG THROUGH THE EYE OF THE TOURISM OFFICE

Picturesque Rouxpos and its History

This area is famous for its wonderful deciduous fruit and vegetable seed production. When the orchards are in bloom this valley transforms into a cloud of pink blooms that delights many a traveller. The farms lie in close proximity to each other and the gravel road is well used by travellers and farmers alike.

On this road you will find two attractive detours: The Rouxpos detour is beautiful and especially after good seasonal rains the landscape becomes a flowering paradise that reminds one of a colourful patchwork quilt. The colours and variety of veld flowers are astounding! This area also has some Anglo Boer War history. The "Battle of Driefontein" played out on the farm named Driefontein when a boer commando of 79, under the leadership of 19 year old Commandant Pieter van der Merwe, were ambushed. Only 28 of them survived when they fled and escaped over the mountains near Seweweeks Poort.

The second detour takes you through the charming little town of Vleiland. The old Church Hall dates back to 1950 and is maintained by the local farmers. Locals go there to worship, attend meetings or to enjoy the occasional church bazaar or farmers market. Travellers like to stay over in one of the many farmstays or camping facilities because of the variety of things to explore and see. If you are looking for a place to bring children to experience farm life, this is the very one. #karoo #vleiland #laingsburg



Belangrike Datums

Joung Dag:	16 Junie 2018
Nuwe Finansiële Jaar:	1 Julie 2018
Mandela Dag	18 Julie 2018
Vroue Dag:	09 Augustus 2018
Erfenisdag:	24 September 2018
Karoo Marathon:	29 September 2018

* Deernis Aansoeke *

Indien u gesamentlike inkomste nie R 3 500.00 oorskry nie en jul het die Hersienings proses van Deernis Aansoeke gemis, kan u ons kantore besoek tydens kantoor ure. U moet die volgende dokumente saam bring:

- Almal bo die ouderdom van 18jaar se ID's
- Indien werksaam is: Salarisstrokie / Bewys van Inkomste / Bankstaat
- Allpay Staat
- Dienste Rekening (Moet op aansoeker se naam wees)
- Kragstrokie
- Verklaring van werkloosheid (SAPD Verklaring)

Baie dankie vir u samewerking in die verband.

ALGEMENE RAADS VERGADERINGS

Die Raad sal in sitting wees op die volgende datums. Die publiek is welkom om vergaderings by te woon.

- ❖ 28 Junie 2018
- ❖ 26 Julie 2018
- ❖ 30 Augustus 2018
- ❖ 27 September 2018
- ❖ 25 Oktober 2018
- ❖ 29 November 2018
- ❖ 13 Desember 2018

Die datums kan verander weens die beskikbaarheid van die Raad, wat vereis word om Distriks, Provinsiale en SALGA Vergaderings by te woon.

U kan die kantoor skakel vir sekerheid oor datum of die Munisipale Webwerf besoek.

Kay Smith

Goldnerville & Acacia Park
GEMEENSKAPS
KERMIS
30 JUNIE 2018
THUSONG DIENSSENTRUM
09h00

LEKKERGOED · BRAAI · VRUGTE
GROENTE · KOEK · KLERE
AKTIWITEITE: POTJIEKOSKOMPETISIE · MUSIEK
KUNSTENAARS · KINDERVERMAAK · 7'S RUGBY
SOKKER · VOLLEYBALL · DOMINO

AANSOEKFORMS
THUSONG DIENSSENTRUM | TOERISME | CDW KANTOOR
Stalletjies: R20 // Potjiekoskompetisie: R20

Munisipale Sake

Kantoor Ure: 7:30 tot 16:15, gesluit tussen 13:00 – 13:45 vir middag ete

Rekening Betaaldatum: 7de van elke Maand;

Deernis Afsnytpunt: R3500p/m per per Huishouding

Huishoudelike Vullisverwydering: Dinsdae: Goldnerville / Bergsig & Donderdae: Dorp, Acacia Park & Skool & Protea Straat;

Besigheids Vullisverwydering: Maandae & Vrydae

Tuin Vullis: Daaglik

Skryf van Leerling Lisensie: Donderdae, (Afsprake moet vooraf gemaak word)

Klagtes moet so vroeg as moontlik aangemeld word, ander moet dit oorstaan tot volgende dag.

DAPPERMUIS DAGSORG

Kennis geskied dat die **Dappermuis Dagsorg Sentrum** in Bergsig **nie stop nie**, maar gaan wel aangaan, daar word 'n beroep gedoen dat die ouers nie hul kinders uit die skool moet haal nie.



Nood Nommers

Munisipale Verkeer	- 073 148 7665
Brandweer & Rampbestuur	- 073 148 7665
Water Werke	- 073 171 5896
Elektrisiteit	- 073 171 5896
SAPD	- 10111
EMS Ambulans	- 10177
	- 023 551 1420
Klagtes	- 023 551 1019
Childline	- 0800 055 555
Kindersorg	- 023 551 1694
Dr Van Heerden	- 023 551 1696
Hospitaal	- 023 551 1237
Binnelandse Sake	- 023 5511 069



LAINGSBURG

MUNISIPALITEIT



2 Van Riebeeckstraat
Laingsburg
6900



E-CENTRE LAINGSBURG

TEL: 023 5511 874

Cape Access

OPEN HOURS:

- Monday – Thursday 07h30 – 16H00
- Friday: 07H30 – 15H00

LAINGSBURG E-CENTRE PROVIDES:

- ICT training is provided in basic computer skill
- Free accredited training
- Free internet access (45mins pp)
- Free prints(max. 10 pages pp)
- Search for online jobs
- You can make your CV for free

Municipaliteit

Munisipale geboue
Privaatbaai 24
LAINGSBURG, 6900
Tel: (023) 551 1019
Faks No. (023) 5511 019

Laingsburg



Municipality

Municipal Buildings
Private Bag X4
LAINGSBURG, 6900
Tel: (023) 551 1019
Fax No. (023) 5511 019

E-pos / E-mail : scm@laingsburg.gov.za

NOTICE: 40/2018

INVITATION TO REGISTER AND TO UPDATE DETAILS ON THE CENTRAL SUPPLIER DATABASE (CSD)

The Laingsburg Local Municipality invites all prospective suppliers of goods and services to register on the Central Supplier Database, or to update their current details.

The Municipality reserves the right to procure goods and services only from suppliers registered on the Central Supplier Database. Existing suppliers and service providers are required to regularly update their details and documentation on the Central Supplier Database.

Enquiries or assistance in regards to the database can be addressed to Mr. Antonico Quinn at telephone (023) 55 11 019 or email: scm@laingsburg.gov.za.

AS GROENEWALD
ACTING MUNICIPAL MANAGER

01 JUNE 2018

DEPARTEMENTELE INLIGTINGSVERGADERINGS

Die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming nooi die gemeenskappe van Laingsburg hiermee hartlik uit om departementele inligtingsessies by te woon. Die vergaderings is daarop gemik om mense bewus te maak van departementele programme en projekte.

Die inligtingsvergaderings vind in die volgende areas plaas.

LAINGSBURG		BERGSIG	
Plek	Thusong Centre Saal	Plek	Gemensaapsaal, Bergsig
Datum	11 Julie 2018	Datum	11 Julie 2018
Tyd	11h00 - 14h00	Tyd	16h00 - 19h00

MATJIESFONTEIN		VLEILAND	
Plek	Gemensaapsaal, Matjiesfontein	Plek	Sport Club House, Vleiland
Datum	12 Julie 2018	Datum	12 Julie 2018
Tyd	11h00 - 14h00	Tyd	16h00 - 19h00

Programme wat verduidelik sal word is:

- Grondhervorming (ESTA - Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfregwet, Grondseis, Grondhervreiding, Eiendomsreghervorming)
- Landelike Entrepreneur & Industriële Ontwikkeling
- Nasionale Landelike Jeugkorps - National Rural Youth Service Corps (NARYSEC)
- Landkaart, die Landmeter-Generaal proses van registrasie van kaart en bakens van eiendom.
- Aktekantoor proses van registrasie van eiendom en eienaarskap, Kaart en Transport (Titelaktes).

Vir meer inligting skakel Me. Tabisa Mashiyi by Tel. (021) 409 0488 of e-pos: Tabisa.Mashiyi@drdir.gov.za



rural development & land reform
Department:
Rural Development and Land Reform
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



Indien u 'n advertensie in die koerant wil plaas kan u met ons gesels en 'n goeie prysie kom onderhandel!!

Munisipale Kommunikasie Kantoor
Gwynne & Arthur